

# VLU Kashané byeen



**Rustenburg** – Die Platina Huisvlyt en Blommeskou is somer om die draai, en vind plaas in Meimaand vanjaar. Só het lede van die Kashané Vroue Landbou Unie (VLU)-tak besluit om solank kompetisie artikels voor te berei.

Elke lid en gas het 'n mosaïek artikel gemaak by die onlangse VLU vergadering. Op die foto van links; Chantall Browne, Maroelien Smit, Estelle Nel en Salomie Bosch besig met hulle Mosaïek.



**Rustenburg** – Die Kashané Vroue Landbou Unie (VLU) aandtak is die enigste aandtak in die Platinastreek. Hierdie maand het lede die tak se 15de verjaardag gevier. Dit was 'n vrolike affere waar die dinamiese groep vrouens hul harde werk gevier het.

Op die foto van links; Marinda Van Heerden, Marie Williams, Charmaine Olivier (was 'n gas, streek skakelbeampte by die stigtersvergadering 15 jaar gelede), Theresa Graham (stigterslid van tak en ook enigste oorblywende stigterslid van tak), en Anne Heyneke.

**R & L New & Used Motor Spares Scrap Yard**  
NO. 7 Primrose Str - Ziniaville - Rustenburg

24 Hours local towing from R450

We Buy & Sell Cars \*Gearboxes \*Engines \*Diffs \*Body-Parts & Many More For Cash

Moving or Smashed

Tel: 014 538 2594 • Cell: 082 490 4863  
Email: [Rnlsparres@gmail.com](mailto:Rnlsparres@gmail.com)

## Rustenburg Rusoord Oupa & Ouma Markdag 4 Maart 2017



**Crane Corporation**  
22 Cobalt Street, Rustenburg, Ziniaville  
**CRANE HIRE 24/7**  
ANTHONY PETZER: 082 849 9008

P.O. Box 6301 Tel: 014 538 1461 / 018 787 2059  
Oberholzer, Fax: 014 538 1431 / 018 787 3416  
2502 E-mail: [anthony@cranecorp.co.za](mailto:anthony@cranecorp.co.za)

**Choir Practice @ NG Proteapark Wednesdays 18h00**  
078 390 4299  
Conductor: Bragi Þór Valsson  
[info@rustenburgcommunitychorus.co.za](mailto:info@rustenburgcommunitychorus.co.za)  
[www.rustenburgcommunitychorus.co.za](http://www.rustenburgcommunitychorus.co.za)

**RUSTENBURG COMMUNITY CHORUS**

**Rustenburg Rusoord Oupa en Ouma Markdag**

Pannekoek  
Worsbroodjies  
"Slap chips"  
Kerrie en rys  
Bazaar poeding  
Spookasem en ander lekker eetgoed

Springkasteel  
Battery kar vir kinders  
Gesigverf  
Ballon kunstenaar

WAAR: Rustenburg Rusoord h/v Bosch- en Fatima Bhayat  
WANNEER: 4 Maart, 2017 – 9am  
TOEGANG: Gratis  
Veilige parkering beskikbaar

**Rustenburg** – Rustenburg Rusoord hou weer makietie! Saterdag, 4 Maart 2017, is dit weer tyd vir Rustenburg Rusoord se Oupa en Ouma Markdag op die Rusoord se terrein, h/v Bosch- en Fatima Bhayatstraat (oorkant Orbit FET College) vanaf 9h00 tot laatmiddag. Die organiseerders nooi almal hartlik uit om te deel in die dag se fees.

Die Oupa en Ouma Mark is 'n jaarlikse instelling wat baie goed deur die publiek ondersteun word. Dit word spesiaal met Rusoord inwoners ingedagte gereël – sodat almal die mark kan bywoon.

Hierdie jaar het Rusoord spesiaal vir al die (klein) kinders voorsiening gemaak vir baie pret. Sugarplum is 'n organisasie wat hulself op die kleingoes se plesier toespits. 'n Springkasteel, gesigverf, 'n ballon kunstenaar, inkleur fasiliteite en allerlei speelgoed – selfs 'n battery aangedrewe motortjie sal vir die jongklomp beskikbaar wees.

Rustenburg Rusoord het ook 'n verskeidenheid uitstallers en heerlike kos en snoeperye te koop op die dag. Daar sal 'n Wit Olifantafel wees met oulike artikels wat spotgoedkoop is. Roomys, springmielies, spookasem en koel drank, bazaar poeding, kerrie en rys, pannekoek, worsies en skyfies, en vele meer – om elke smaak te pas – sal aan die orde van die dag wees. Kom kuier saam in die teetuin en laat neem foto's by die spesiale foto-hoekie!

Die dag word afgerond met heerlike musiek, trompoppies en koormusiek – en veilige parkering is beskikbaar.

Bring jou kinders, jou familie, jou werksmense... almal wat jy ken en kom geniet 'n vrolike dag by Rusoord se Oupa en Ouma Mark!

Vir verdere navrae, of om self 'n stalletjie te beman, kontak Sanmarie Ferreira by 014-592 9218 of stuur 'n e-pos aan [rusoord.exec.pa@telkomsa.net](mailto:rusoord.exec.pa@telkomsa.net).

**MANY TRICK PONY**

We draw things... so that you don't have to.

View our online illustration and design portfolio at [manytrickpony.co.za](http://manytrickpony.co.za)

[manytrickpony.sa@gmail.com](mailto:manytrickpony.sa@gmail.com)  
081 563 0776

**Christen Sake Vroue**  
Kom sluit aan by ons eerste vergadering op 21 Feb 2017, 11h00.  
Gaan geïnspireerd huistoe!  
Tuisteskeppers welkom!  
Franci: 084 367 4533  
Rita: 076 797 9719

**LIQUOR LICENSE APPLICATIONS FAST & EFFECTIVE!**

JANA: 083 689 8297

Find more cars at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more classifieds at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more jobs at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more tenders at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more cars at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more classifieds at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more jobs at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more tenders at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more cars at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more classifieds at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more jobs at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more tenders at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more cars at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more classifieds at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za) Find more jobs at [www.platinumweekly.co.za](http://www.platinumweekly.co.za)